VISIE & MISSIE

VISIE

Die skool waar leerders toegerus word.

MISSIE

- Ons strewe na ‘n Lardie wat
- trots is op sy/haar skool met al sy tradisies en gebruike;
- gebalanseerd betrokke is en so goed as moontlik presteer;
- ‘n netjiese, gelukkige, gedissiplineerde, gemotiveerde, hoflike en verantwoordelike leerder is;
- met die volgende waardes toegerus word: integriteit, lojaliteit, respek, nederigheid, goedhartigheid;
- indien hy/sy Elarduspark verlaat, volkome toegerus sal wees vir die lewe daar buite en die geweldige eise van die toekoms;

Ons strewe na ‘n personeellid wat

- sy/haar talente en gawes aanwend in die beplanning en verwesenliking van ons doelwitte;
- bereid is om die belange van leerders voor sy/haar eie belang te stel en bereid is om kollegiale lojaliteit te betoon;
- tuis sal voel in ons span.

Ons strewe na ‘n ouer wat

- alles vir sy/haar kind se opvoeding feil het en die skool se waardes hoog ag;
- gebalanseerd betrokke is by die skool en positief belangstel en ondersteun;
- ‘n lojale en stewige vennoot sal wees;
- volle beheer en kontrole oor hulle kinders sal hê.

Ons strewe na ‘n skool

- waarin elkeen wat ons missie onderskryf, tuis sal voel;
- waarop elkeen wat daaraan verbonde is, met reg trots kan wees;
- waarop ‘n goeie lewenstandaard gestel sal word;
- met sy eie besonderse karakter, etos en tradisies.